# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

## September / Oktober 2016

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe



Die Noord Kapenaars vlnr agter Rudi Lombaard, Diedie Esterhuizen, Dawie vd Heever, André Bruwer, en Piet Kruger. Voor vlnr Seppie Esterhuizen, Johan Lombaard, Danie Visser en Hendriena Swanepoel.



Die ou en nuwe UK vlnr Christo Munnik, Bertie Wessels, Chris de Bruin, Willie van Zyl, Hennie Hattingh, Netta Prince, Daniel Bierman, Attie v Aswegen en Dirk Scholtz

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV



Die vroumense het die toere baie geniet vlnr is Seppie Esterhuizen (wat die reëlings getref het) Susan le Roux, Riana van Jaarsveld, Sherall du Preez, Magda Muller, Joline Kruger, Carin Dreyer, Daleen Esterhuizen, Eureka Rix, Cora Munnik, Annemarie Kruger en Wilma Singleton



Suid-Westelike Distrikte en KwaZulu-Natal deel die Bertie Wessels trofee. Hier ontvang die Presidente van die streke George Bell en Christo Munnik die trofee van Dirk Scholtz

# Indeks / Index


| | |
|---|---|
| SAFPA Excecutives and Area Representatives | 2 |
| Editors Column | 4 |
| Redaksioneel - Cora Munnik | 5 |
| Kampioenskapskou - Renier Lee | 7 |
| Upington Kampioenskapskou 2016 - Willie van Zyl | 8 |
| American Showracerklub van SA - Raymond Hohls | 8 |
| American Showracer Jongduifskou 2016 - Willie v Zyl | 9 |
| Die Dwergganś - At Nigrini | 11 |
| Die geskiedenis van Modenesers in SA - Jan Lombard | 12 |
| A good Pigeon - Simon Jordaan | 15 |
| Skoutyd - At Nigrini | 17 |
| Wenke aan Senior beoordelaars - Ruben Kitching | 19 |
| Hulle bly maar Prinse van die lug - Henri v Reenen | 20 |
| Report on Royal Show - Lionel Phillips | 21 |
| The importance of vitamins for pigeons Simon Jordaan | 22 |
| Beoordeling - Christo Munnik | 24 |
| Lekker eet resepte - At Nigrini | 26 |
| Skou en Duiwedae almanak | 34 |
| SAFPA Affiliated Speciality Clubs | 35 |
| Scoreboard and Rules | 36 |



***Advertisement Costs***

***Businesses and non SAFPA members***

**Quarter page R250 Half page - R450**

**3 Quarter page - R650 Full page - R850**

**Colour cover page R1200**

***SAFPA members***

**Quarter page R100 Half page - R200**

**3 Quarter page - R300 Full page - R400**

**Remember this is only for members wanting to sell something and will only be placed once**


**Die afsny datums vir artikels is as volg:**
**Januarie/Februarie - einde Oktober**
**Maart/April - einde Januarie**
**Mei/Junie - einde Maart**
**Julie/Augustus - einde Mei**
**September/Oktober - einde Julie**
**November/Desember - einde September**


**The Fancy Pigeon**
**Die Sierduif**
**Obtainable from**
**Verkrygbaar by**
**Christo Munnik**
**Fax: 086 541 6011**
**Cell: 076 391 5800**
**E-mail/E-pos**
**cora.christo@gmail.com**

**Graphic Design done by The Editor and Printed by Ring-O-Print**
**Cell: 084 549 6235**
**Cell: 071 284 1393**
**E-mail**
**info@ringoprint.co.za**


## National Ringmaster

**Cell: 082 565 9022**
**Tel: 041 365 7737**
**Fax: 086 730 3489**
**Fax: 086 730 3229**
**E-Mail:**
**safpa.rings@axxess.co.za**
**Banking details:**
**Account Name - SAFPA**
**Standard Bank**
**Tyger Manor**
**Branch Code**
**05-04-10-41**
**Account Number**
**272 692 794**

**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 - 20:00**
**Sunday**
**after 14:00**
**Geen 'Whatsapp' bestellings vir ringe sal aanvaar word nie.**

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## SAFPA Honarary Presidents and Vice Presidents

*** Gerald Orpen** - 1957
*** G Dolley** - 1958
*** Reg Gething** - 1958
*** Mervyn Wightman** - 1962
*** Rev AF Malan** - 1962
*** A Reyneke** - 1965
*** AM Anderson** - 1966
*** A Ingle** - 1970
*** Rev JC Jansen** - 1977
*** Prof JR Verster** - 1977
***Alex Ravenscroft** - 1984
*** Charl Pretorius** - 1987
*** Corrie van Reenen** - 2007
*** Wynand Wessels** - 2010
*** Warren Klopper** - 2014
*** Clive Druce** - 2014

**Renier Lee** - PO Box 2368, Noorsekloof, Jeffreysbaai, 6331 Cell: 082 600 8647
**Stewart Patterson** - PO Box 69184, Bryanston, 2021 Cell: 082 457 2919
**Pierre le Roux** - 31 Diaz Street, Panorama, 7500 Cell 083 567 0226

## SAFPA Excecutive Committee

**National President - Chris de Bruin**
PO Box 906268, Magalieskruin, 0150 Cell: 082 426 8703 Fax: 012 430 4539
Fax: 086 617 6028 - E-mail: chris.debruin@dcs.gov.za

**National Vice-President - Christo Britz (co-opted)**
PO Box 31840, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317. Tel: 051 444 0021
Cell: 083 626 6003 - E-mail: chris@iasafari.co.za

**National Secretary - Dirk Scholtz**
PO Box 21110, Nelspruit, 1200 Fax: 013 733 3048 Cell: 082 452 4229
E-mail: dirk@harmonie.co.za

**National Treasurer - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com

**National Ringmaster - Netta Prince**
PO Box 455, Port Elizabeth, 6000 Tel: 041 365 7737 Fax: 086 730 3489
Cell: 082 565 9022 - Fax: 086 730 3229 E-mail: safpa.rings@axxess.co.za

**National Editor - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, Kwazulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com

**Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011**

**National Judges Officer - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 082 921 5228
E-mail: vanzyl5@absamail.co.za
**National Webmaster - Daniel Bierman**
PO Box 431, Milnerton, 7435 Cell: 082 940 7377
SAFPA Website http://www.safpa.za.org
E-mail: webmaster@safpa.za.org
**National Youth Forum Representative - Attie van Aswegen**
9 Peeters Street, Môrewag, Kroonstad, 9499 Tel: 056 213 3498
Cell: 082 411 8483 - E-mail: attievanaswegen@gmail.com

## Safpa Area Representatives

**North-of-the-Vaal - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 083 235 0363
E-mail: benard@iasafari.co.za
**Freestate - Chris vd Walt**
1 Stanton Street, Fichardtpark, Bloemfontein 9301 Tel: 051 522 3074
Cell: 082 378 6447 E-mail: vanderwalt006@gmail.com
**Western Cape - Morné Rix**
PO Box 68, Ottery, 7808 Tel: 021 394 9014 Cell: 076 487 4873
E-mail: mornerix@mweb.co.za
**Northern Freestate - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com
**Eastern Region - At van Jaarsveld**
PO Box 3568, Middelburg, 1050 Tel: 013 245 1700 Cell: 072 368 1214
E-mail: atvanjaarsveld@gmail.com
**Northern Cape - Seppie Esterhuysen**
PO Box 52, Upington, 8800 Tel: 054 332 6288 Cell: 082 559 1132
**Eastern Province - Johann de Beer**
PO Box 3268, Northend, 6056 Tel: 041 466 7443 Cell: 072 399 8952
E-mail: info@mbosman.co.za
**South Western Districts - George Bell**
PO Box 3, Zoar, 6656 Tel/Fax: 028 561 1314 Cell: 083 483 9969
E-mail: bellgeorge@hotmail.com
**Western Transvaal - Awie Esterhuizen**
2 van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, 2571 Cell: 084 682 0143
E-mail: pyp.esterhuizen@gmail.com
**KwaZulu-Natal - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, KwaZulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Editor's column

## Birthdays

Japie Möller - 01-Nov
Pieter Duvenhage - 02-Nov
Jan Coetzee - 02-Nov
Stewart Patterson - 04-Nov
Piet Pretorius - 06-Nov
Lionel Phillips - 07-Nov
Frik Butler - 09-Nov
Hennie Loots - 10-Nov
Hennie Visagie - 11-Nov
Frik Schoeman - 12-Nov
J Esterhuizen - 12-Nov
Bertie Wessels - 12-Nov
Kitty Botes - 12-Nov
Gert Holtzhauzen - 12-Nov
Sakkie Marais - 15-Nov
Wayne Nicholson - 17-Nov
Neil Duvenhage - 18-Nov
Christo Martin - 20-Nov
Dewald Rix - 22-Nov
Nollie Oosthuizen - 24-Nov
Pieter Neethling - 27-Nov
Willie van Zyl - 28-Nov
Kobus Snyman - 29-Nov
A Groenewalt - 29-Nov
Simon Jordaan - 30-Nov
Nic Putter - 08-Dec
Dean Dreyer - 09-Dec
Johan Theron - 10-Dec
Neil Raw - 11-Dec
Gerald Holding - 12-Dec
Nico v Pletzen - 16-Dec
N vd Westhuizen - 23-Dec
Johannes vd Berg - 25-Dec
G Gertenbach - 26-Dec
Johan Botha - 27-Dec
Charl Naudé - 28-Dec
Katryn Fourie - 28-Dec
CD Cillie - 29-Dec
Wietz van Zyl - 29-Dec
Johnny Rudman - 30-Dec

## New members

## Eastern Province

**Trenton Webster K011**
PO Box 282
Port Alfred
6170
Cell: 063 774 9538

## Northern Freestate

**Pieter Vorster W021**
PO Box 911
Heilbron
9650
Cell: 084 584 8899

## Freestate

**Rikus van der Vlies V009**
12 Bruwer Street
Fichardtpark
Bloemfontein
9301
Cell: 081 521 6133

**Johann Perkins V010**
Reeler straat 9
Fichardtpark
Bloemfontien
9301
Sel: 082 253 2448

**Petro van Aswegen V020**
Van Riebeeckstraat 5
Reddersburg
9904
Sel: 084 661 0708

## North-of-the-Vaal

**Big Boys Lofts B027**
Daphne laan 594
Mountainview
0084
Sel: 061 061 6183

**Manie van Staden B022**
PO Box 911
Vlakdrif
0342
Sel: 082 466 4868

**Dreyers Lofts B025**
34 Du Raan Street
Sunward Park
Boksburg
1460
Cell: 082 901 2147

**Kobus Nel B021**
PO Box 910276
Pyramid
0120
Cell: 072 159 9829

**John Gerber B027**
423 Jack Hindon Street
Pretoia North
0182
Cell: 072 107 0851

## Ill members -

Jan Kriel
Netta Prince
Gert Holtzhauzen

**Deaths -** Steve Williams -Old member of SAFPA

---

**Nie altyd kry die mens sy sin. Dit is 'n Lewenswet. As jy nie het wat jy bemin nie, bemin dan wat jy het.**



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Redaksioneel

**Geskryf deur Cora Munnik**

Vir agt jaar het ek geen skoue bygewoon nie en was ek ook nie lid van die SASV nie. Al hierdie was nie omdat ek nie wou nie, maar as gevolg van omstandighede.

Ek was darem nie heeltemal afgesny van al die gebeure in en om die SASV nie omdat Christo en Harry nog betrokke is. Ek het egter die mense en samesyn by skoue baie gemis.

Hierdie jaar kry ek toe darem weer die geleentheid om saam met Christo skoue by te woon. Ons kon altwee die Welkom skoue inpas en dan ook die SA's.

Die twee skoue op Welkom was baie lekker en ons kon weer saam met ons vriende skou en kuier. Die SA's in Upington was verseker vir my 'n hoogte punt omdat ek nog nooit daar was nie en omdat die mense van oraloor my ontvang het asof ek nog altyd deel van hulle was.

In al die jare wat ek SA's bygewoon het, was ek altyd op een of ander wyse betrokke by die skou hetsy beoordeling, administrasie, ringmeester pligte of wat ookal en het dus nooit lekker ontspan en saam met die dames gekuier nie. Hierdie jaar was ek ook een van die "Hekel- en Breibrigade", alhoewel almal nie handwerk gedoen het nie het almal van ons heerlik gekuier en lekker gelag.

Ons dames is omtrent getrakteer met toere na die Rosyntjiefabriek (SAD), Kanoneiland met sy pragtige wingerde, Ikaia Lodge op die walle van die Oranjerivier, Augrabiesvalle, padstalle, 'n ete en 'n wynproe.

Die busritte was iets om te beleef saam met die dames. Dit was 'n gelag en geskerts en staaltjies vertel.

Ons kon ook by die Bobbejaanpas die regte bobbejaan afneem in plaas van net die rotse wat soos bobbejane lyk. Hierdie foto was nie beplan nie maar die bobbejaan het uit die bloute voor die kamera verby gestap. Ek sal probeer om die besonderse foto in die volgende Sierduif te plaas.

Die spreekwoord "Moenie 'n persoon op sy baadjie takseer nie" het net weer vir my so waar geword. Mens sien altyd iemand en groet net en niks verder maar hier het ek van daardie mense van nader leer ken en wat 'n verrassing was dit nie. Daardie persoon wat jy altyd as neus in die lug ondervind het is toe altyd 'n voete op die aarde mens en 'n platjie.

Nogmaals baie dankie aan Noord Kaap se mense wat ons tyd by die SA's onvergeetlik gemaak het.

Dames ek hoop ek sien julle almal weer in Pietermaritzburg.

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Gesonder duiwe @ minder as R10 / duif / jaar

**(Sien in hierdie uitgawe: "Uitendelik – 'n Probiotika wat 'n verskil maak")**




# bioworx ANIPRO Aqua

## Probiotika in 'n "teesakkie"

| | | |
|---|---|---|
| | bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g | R109.16 |
| Ander produkte: | bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg | R104.52 |
| | bioworx ENERGYOIL 500g | R176.70 |
| | bioworx ENERGYOIL 1kg | R336.30 |

(*BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit*)

NB *Vermy die onnodige toediening van antibiotika, maar moet NOOIT virus-inentings staak nie.*

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Gebou 23 WNNR Meiring Naude Weg Pretoria Tel: 012 841 3540 / 082 879 4208
Faks: 086 562 5805
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Kampioenskapskou - Renier Lee

Nog n Kampioenskapskou het gekom en gegaan. Telkemale dink ons dit was die beste om dan net weer verbaas te staan oor die kreatiwiteit van die volgende skou. As dit nie die rangskikking van hokkies is nie dan is dit die atmosfeer onder telers en die omgewing. Vir die telers en streek wat die volgende skou moet organiseer kan ons maar net sê sterkte. Ek weet vooraf dat hulle ons ook gaan verras met hul aanbieding.

Vir ons, ek en my vrou, was die sewentigste Kampioenskapskou net daardie ietsie beter omdat ons die beste duif op skou vertoon het. Dit was die kersie op die koek. Opmerkings soos, "die ou man is weer terug", en "die meester kom wys ons net weer hoe 'n Norwich Kropper moet lyk" en " hy ken 'n kropper en kan hom teel" het ek gehoor en ek moet erken dit het my weer goed laat voel. Daardie skoenlappers in jou maag, was daar in 1982 en 1988, toe ek ook beskore was om die trofee te wen. Dit sal altyd 'n spesiale geleentheid wees en 'n oomblik waar die trots in jou groei.

Moet egter nie vir my sê dat ek die Kropperkoning is nie want dit kan ek nooit wees nie. God is koning van Sy skepping en Hy alleen kan daardie titel dra. Ek is maar net 'n nederige sondaar wat die wonderlike voorreg van Hom ontvang het, om met SY skepping besig te wees.

Rentmeester is ek en rentmeester wil ek bly. Soos Paulus kan ek ook net sê dat as ek roem, ek in Christus moet roem. Dit sal ek altyd in alle nederigheid doen.

Vir Johnnie Rudman wil ek ook baie dankie sê. Ons het die duif saam geteel. Hy verdien ook van die eer wat ek ontvang het netsoos ek altyd saam met hom bly is wanneer sy duiwe wen.

Nog 'n voorreg vir my is om Chris de Bruin geluk te sê met sy verkiesing as President van die SASV. Ek wil vir hom sê dat hierdie 'n spesiale pos met 'n spesiale verantwoordelikheid is. Wees altyd nederig en weet dat om te dien baie meer vreugde gaan bring as om op 'n mensgemaakte troon te gaan sit. Ek glo jy gaan jouself bewys want as dienskneg lewe ons altyd onder die genade en liefde van God. Christo, sterkte met jou werk as Redakteur maar ook met die reëlings van die volgende SA's. Toets gaan jy getoets word maar ons ken jou as 'n man met deursettingsvermoë.





SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377



## Upington Kampioenskapskou 2016

**Willie van Zyl**

Nog 'n heerlike skou. Gasvry net soos die Noord Kaap (Kalaharie) se mense dit kan doen.

Baie dankie vir die NOORD-KAAP STREEK vir die hardewerk wat julle ingesit het. Julle moes lang afstande ry om alles in plek te kry. Nogmaals dankie. Julle saal was lekker ruim met genoeg beweegruimte tussen die rye, wat die beoordeling en aandra van duiwe baie vergemaklik het. Wanneer dit vlot is daar 'n kalm atmosfeer in die skou en alles word gedoen sonder probleme.

Om by die begin te begin. Van die Pretorianers het hier by my bymekaar gekom en drie voertuie het vertrek. Chris en Ruan de Bruin, Hennie Bosman en Benard en myself. Op die pad tussen Krugersdorp en Ventersdorp het Nelmarie van Staden en haar kinders ook by ons aangesluit. So het ons met die nodige rusposes en eet en kuier voorspoedig gery tot in Upington.

Die Saterdagoggend met die terugkeer was dit weer ons vier voertuie en toe het Carin en Dean Dreyer ook by die konfooi aangesluit. Die dames het op Delareyville afgesplinter vir Ottosdal en Potchefstroom, en die ander drie voertuie het tot in Pretoria saamgery. Altyd lekker om so in 'n groep te ry.

Aan die sosiale kant. Die eet en kuier ruimte reg langs die skousaal was 'n wenner. Die groep wat deur die dag die eetgoed verskaf het, het geweet wat hulle doen. Die twee aande se etes verskaf deur die streek was oorvloedig en die afsluitingsfunksie op die wynplaas was puik.

AG ONS HET LEKKER GEKUIER EN GESKOU.

Groete en voorspoed in die teelhokke.



## American Showracer Klub van Suid- Afrika

**Raymond Hohls**

Die ASR in Suid Afrika het hulle self baie goed van hulle taak gekwyt gedurende die skou seisoen van 2016. Die skou statistieke vir 2016 wys dat die ASR die meeste duiwe op al die skoue was vir die jaar met 890 duiwe. Tydens die Nasionale Kampioenskappe in Upington was die ASR meeste op die skou met 235 duiwe.

Die ASR Jongduifskou is weer gehou op Sandstone Heritage Trust net buite Ficksburg in die Oos Vrystaat. Daar was 136 duiwe ingeskryf. Die skou op Sandstone is 'n belewenis en as jy nog nie daar was nie dan mis jy baie.

ASR het die volgende top *posisies behaal op die* verskillende skoue deur

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

die jaar.

• **Oostelike Streek**
Naas du Preez 1ste Reserwe Kampioen duif op skou.

• **Wes-Transvaal Streek**
Naas du Preez 3de Reserwe Kampioen duif op skou.

• **Noord-v-d-Vaal Streek**
Naas du Preez 3de Reserwe Kampioen duif op skou.

• **Wes-Kaap Streek**
Graham Neethling 4de Reserwe Kampioen duif op skou.

• **Vrystaat Streek**
Gladiator Lofts 5de Reserwe Kampioen duif op skou.

• **ASR Jongduifskou**
Gladiator Lofts Kampioen duif en Van Zyl Boerdery Reserwe Kampioen duif.

• **Nationale Kampioenskappe Upington**
Gladiator Lofts 2de Reserwe Kampioen duif op SA's 2016.

Die ASR klub sê dankie aan die nuwe President van die SASV, Chris de Bruin vir die beoordeling tydens die Jongduifskou op Sandstone en Christo Munnik vir beoordeeling tydens die SA Kampioenskappe in Upington.

Tydens die AJV van die ASR Klub het die lede besluit dat die Jongduifskou van 2017 weer op Sandstone gehou sal word oor die naweek van 9 tot 11 Junie 2017. Pierre le Roux sal die beoordelaar wees vir die skou.

Lede van die ASR Klub moet die broei seisoen geniet en mag julle net kampioene teel vir 2017 skou jaar.



## American Showracer Jongduifskou 2016

**Willie van Zyl**

Andermaal 'n groot sukses die genoemde Jongduifskou te SANDSTONE ESTATE.

Die lede van die klub het so groepie, groepie opgedaag uit al die windrigtings, wat ook aandui dat daar saamry geleenthede was. Drie manne uit die Kaap was ook teenwoordig. DANKIE JULLE.

Toe Raymond Hohls met sy vrag opdaag het almal wat al daar was weer gehelp en die skousaal is ingerig. Na al die duiwe ingehok is en kos en water gekry het, het ons begin sosiaal verkeer. Die vuur is aangesteek en die aandete is voorberei.

Hierdie jaar was daar agt plus besoekers wat nie lede van die klub is nie. Die resultaat van die vorige jaar se positiewe verslae wat gelewer was.

Saterdag se program so effens aangepas van die vorige jaar. Ontbyt was net koffie en beskuit. Chris de Bruin het begin met die beoordeling, weer buite in die winter sonnetjie. Die dag was nie heerlik soos verlede jaar nie. Daar was kort-kort so 'n koel wind wat ons gepla het. So teen 10:30 is daar gestop met die beoordeling en is die "brunch" voorberei. Weer heerlik in die ou trein eetsaal gesit en eet. Die beoordeling is hervat en nie te laat in die middag



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

was die 136 duiwe beoordeel en die twee bestes aangewys.

Die volle uitslae sal seker in 'n ander artikel bekend gemaak word. Baie geluk aan Raymond wat weer die beste mannetjie en skouwenner vertoon het en Willie van Zyl met die beste wyfie en dus die naaswenner. Raymond wees gewaarsku!!

Na verdere aksie waar lede 'n moontlike broeipaar bymekaar gesit het wat informeel beoordeel is het ons op die terrein rond gestap en na enkele uitstallings gaan kyk. Op hierdie plaas is die grootste private uitstalling van lokomotiewe en trekkers in die wêreld. Dit is iets om te aanskou. Daar is ook 'n redelike versameling weermagvoertuie, nie net van Suid-Afrika nie, maar ook van ander lande.

Die aand het ons aldus die kok "groente" geëet --- 'n hoenderpotjie en die prysuitdeling is gedoen, en is daar verder gekuier.

Die klub is hierdie jaar 21 jaar oud en ons het elk 'n aansteek knopie ter herdenking hiervan gekoop. Die klub se embleem met die getal 21 daarby.

Aan Raymond wat weer die terrein gekry het en die meeste reëlings getref het tesame met die etes, dit was puik. Ek het dit gesê maar weereens BAIE DANKIE. Jy mag maar.

Groete tot volgende jaar weer daar.



Chris de Bruin besig met beoordeling tydens die ASR Jongduifskou



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org



## Die Dwerggans

**At Nigrini**

Naas die Gevlekte eendjie is dié gans die kleinste swemvoël. Die Dwerggans (Netta pusauritus) is in Engels bekend as die African Pygmy Goose en Dwarf Goose. Hiedie voël is nie 'n gans soos die naam wil voorgee nie, maar 'n eend. Hulle raak ook al skaarser in die Natuur, en daar word gesê hulle baster maklik met die Chiloe Wigeon (anassibilatrix). In die Wes Kaap is dit wet dat die voëls in aanhouding, toegekamp moet wees.

Dwergganse is kleurryke eendjies. 'n Dwerggans het 'n oranje-bruin lyf, witgesig, pens en sekondere vlerkvere (die vlerkdeel wat oor die lyf grens) die stert agterkant en bene is swart. Die mannetjie het 'n helder geel snawel met swart punte terwyl,terwyl die wyfie s'n dowwer is. Die snawel toon 'n skerp daling. Die mannetjie het helder groen vere op die agterkop en nek wat omlyn word met 'n vertikale swart oorstreep. Dis afwesig by die wyfie, hulle wit koppe en nek gedeeltes neig om grys gespikkeld te wees. Sy is ook effe dowwer as die mannetjie, alle jongvoëls lyk soos die wyfie.

Die voëls is relatief mak en selfversekerde swemmers. Hulle bene is baie kort, so hulle word omtrent nooit op land gesien nie maar meestal op oop water, eintlik verlaat hulle selde die water. Hulle word byna nooit in stede en dorpe aangetref nie omdat groot waterbronne nie beskikbaar is nie. Hulle kan inderdaad baie goed vlieg maar doen dit egter net oor kort afstande oor water.

Hulle kom voor in pare of selfs klein groepies in stil en stadig vloeiende oop water en die water moet nie te vlak wees nie. Die mannetjie swem redelik na aan die wyfie terwyl hy sy groen vere aan die agterkop en nek vertoon deur 'n draaibeweging tydens hofmakery. Hulle is rustig en sit gewoonlik stil tussen die waterlelies en ander drywende plante. Hulle word nie so maklik opgemerk soos 'n mens eintlik sou verwag van so spoghelderkleurige voël nie. Waterleliesaad wat ryp is en waterplante is hulle kos by voorkeur. Hulle vreet drywende plante, maar is nie skaam om te duik om by sade en lowwe en lote van onderwater plante by te kom nie. Ook water insekte en klein visses maak deel uit van hulle kos.

Dwergganse rus en slaap in bome. Broeityd is tussen Oktober en Desember in Suid-Afrika. Neste word van gras, blare en stingels gebou en uitgevoer. Hulle gebruik nie dons om die nes uit te voer nie. Holtes van boomstamme en oorhang kranse word gebruik vir neste. Ander voëls se neste word ook ingespan en soms broei hulle op die grond. Tussen 6 tot 12 eiers wat roomwit ongeveer 43,3 mm lank is, word gelê deur die wyfie (ek verstaan nie hoekom 'n mens sê die wyfie lê die eiers nie, want mannetjies kannie eiers lê nie) en dit vat 24 dae om uit te broei, jong Dwerggansies vlieg as hulle 2 maande oud is.



National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377



## Die geskiedenis van Modenesers in Suid Afrika
**Jan Lombard, President van die Modeneserklub van S.A.**

Die ras is een van 'n aantal wat uit die oorspronklike Italiaanse Modena (ook bekend as Triganino Modena) ontwikkel het. Die Triganino is steeds baie gewild in Italië, en kom ook in redelike getalle op die Duitse skoue voor. Die Engelse Modena (wat later in die VSA vervolmaak is) stam ook af van die Triganino. Die Triganino het 'n baie meer veldduif tipe met korter bene en nek as sy afstammelinge. Dit is in die 1800s na Duitsland ingevoer en daar ontwikkel tot die ras wat daar bekendstaan as Deutche Modeneser. In sommige Engels sprekende lande staan dit bekend as die Ou Duitse Modena. Omdat dit soveel verskil van die Amerikaanse Modena waaraan ons gewoond is, het ek (toe die enigste teler) 'n paar jaar terug aanbeveel dat dit as Modeneser in Suid Afrika sal bekendstaan, wat so aanvaar was. Ek was bang dat die woord Modena in die naam, tot verwarring kon lei, en dat telers en beoordelaars sou soek na 'n miniatuur Modenatjie, wat die ras beslis nie is nie, want die verhoudings in afmetings verskil drasties tussen die rasse. 'n Modeneser is 'n ras van derdes. Die kop & nek; lyf en bene vorm elk 1/3 van die totale hoogte; en die lengte van bek tot stertpunt is 2/3 van die totale hoogte. Bestudeer die Modena standaard en jy kry heel ander verhoudings met baie meer klem op lyfdiepte.

Die ras het 'n paar jaar terug vir die eerste keer op plaaslike skoue verskyn. Ek het 3 paar Schietti's by Eddie Quick gekry. Dit was blou gebalkte en blou Grizzle duiwe (met swart balke); wat Eddie waarskynlik vanaf Engeland ingevoer het, te oordeel aan die Engelse NPA ringe op die duiwe. Alhoewel ek 'n goeie blou gebalkte ingevoerde mannetjie onthou en 'n goeie blou ongebalkte wyfie geteel het, was die tipe nie op dieselfde standaard as in Duitsland nie.

Omdat ek baie in genetika belangstel het die beperkte kleurvariasie my gou verveel en het ek van hulle ontslae geraak. Toe ek Duitsland die eerste maal in 2012 besoek het, was daar honderde top kwaliteit Modenesers in 'n groot verskeidenheid op die skoue. Hulle spesklub het ongeveer 800 lede en soms is daar meer as 2000 Modenesers op 'n skou.

Toe die ou vonkie weer vlam gevat het, was dit "love at second sight". Na my terugkeer na Suid Afrika het ek onmiddelik begin kontak maak met die telers oor moontlike invoere. Duitse skoukatalogusse is in detail bestudeer om die top telers te identifiseer. Toe is daar kopgekrap oor watter kleure om in te bring met 'n beperkte begroting.

**Kleurverskeidenheid.**



National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Ek het besluit om te hou by die basiese kleure en patrone. Ek wou seker maak ons begin met blou, asrooi en bruin. Die gekose groep moes balkloos, gebalk en geruit insluit, asook beide Gazzi en Schietti. Ek het dit ook goedgedink om Grizzle en verdunning in te sluit. Uiteindelik het ek besluit op 5 paar, wat die volgende kleure ingesluit het: Blou ongebalkte, gebalkte en geruite Gazzi; Bruin Grizzle Schietti; room gebalkte Schietti en rooi geruite Schietti.

Die duiwe het ek toe gaan uitsoek tydens my 2013 besoek aan Duitsland en hulle het vroeg in 2014 arriveer. Ek het spesifiek nie die bronsfaktor ingebring nie, want onoordeelkundige kruisings van brons patroon met swart, bruin of (as)rooi patroon lei tot chaos, soos duidelik te sien is in die Amerikaanse Modena waar fokus op korrekte kleur (na my opinie) lankal verlore geraak het.

Met die 6 kleure wat ek ingebring het, het ek dadelik begin om nuwe kombinasies te teel. Die vermenging van bloedlyne is beslis nie 'n goeie tegniek vir skouteling nie, en ek beveel dit ook nie aan nie, maar dit was die enigste uitweg om nuwe phenotipes te teel. Gelukkig was al 10 ingevoerde duiwe vanaf meestertelers wat al vir jare top duiwe teel. Behalwe vir 2 Gazzi met wit vlerkpenne wat ek moes "cull" het die uitkruising geen negatiewe resultate gelewer nie. Sodra ek 'n nuwe kleurkombinasie het, doen ek weer lynteling om die bloedlyn vas te lê.

Tans het ons alreeds die volgende kleure in Suid Afrika: Gazzi: Blou ongebalk, Blou Swart gebalk; Blou Swart geruit, Silwer ongebalk en Mealy ongebalk. In Schietti is daar Blou ongebalk, Blou Swart gebalk, Blou Swart geruit, Blou Grizzle, Mealy, Rooi geruit, Bruin gebalk, Bruin Grizzle, Geel geruit en Room ongebalk. In die komende seisoen sal die kleurverskeidenheid uitgebrei word. Duiwe is reeds geteel en parings word beplan vir Gazzi: Bruin gebalk, ongebalk en geruit, Mealy en Rooi geruit en in Schietti Bruin geruit en Mealy Grizzle. Dan sal ons ook oor tyd die verdunde weergawes van al bogenoemde kleure teel. Ek is tans besig om te reël vir een elk van die volgende kleure: Swart Gazzi, Andalusian Gazzi; Swart Schietti en Andalusian Schietti – weereens van die meestertelers in die kleure. Die duiwe sal DV vroeg in 2017 arriveer – na my besoeke aan die Erfurt en Leipzig skou in Duitsland die komende Desember.

**Hoekom Modnesers?**

Eerstens is ek mal oor die kleurverskeidenheid wat die ras bied. Die Duitse standaard erken 92 verskillende phenotipes en heelwat meer kan maklik geteel word! Met spesifieke parings is 'n groot verskeidenheid kleure moontlik, en die afwagting en nuuskierigheid is groot om te sien watter kleure jy in elke nes gaan teel. Dan is daar altyd die uitdaging om 'n nuwe kombinasie van basies kleur, patroon en een of meer modifiserende gene te probeer.

Naas dit hou ek baie van die kleurkontras tussen wit en kleur wat Gazzi Modenesers bied. Die Gazzi's is oor die algemeen baie skoon gemerk, en min kunsteling is nodig. As dit egter vir jou te veel moeite is, hou by Schietti's.



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

PAM GOLDING
PROPERTIES

PROPERTY SPECIALISTS IN
THE KLEIN KAROO

Whatever your property requirements in
Oudtshoorn, Calitzdorp, Ladysmith, van Wyksdorp,
De Rust, Uniondale and surrounds,

Our unmatched standard of personalized and professional real estate service is something you are assured of.

**8 Baron van Reede Road**
**Oudtshoon 6625**

**Tel: 044 272 2822**
**Fax: 044 272 6839**

**E-mail: oudtshoorn@pamgolding.co.za**

INTERNATIONAL PROPERTY AWARDS 2014-2015 ★★★★★
Best Real Estate Agency South Africa
Best Real Estate Agency Africa

opp AWARDS FOR EXCELLENCE
GOLD · 2014 Best Estate Agency Africa
GOLD · 2014 Best Online Service
SILVER · 2014 Best Media
SILVER · 2014 Best Global Estate Agency

www.pamgolding.co.za/oudtshoorn

Pam Golding Properties
An international Associate of Savills
savills



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Modenesers is baie vrugbaar (ek het verlede seisoen meer as 40 jonges uit 8 paar geteel) en voer hulle kuikens self suksesvol. 'n Ander kenmerk is baie goeie veerkwaliteit. Almal wat hulle hanteer, noem hoe glad hulle hanteer. Nog 'n rede om die ras te oorweeg, is die feit dat hulle alreeds baie gewild is.

Ons nuutgestigte Speskklub het afgeskop met 20 lede, waarvan 11 alreeds Modenesers het. As almal 'n goeie broeiseisoen beleef, sal daar volgende jaar goeie kompetisie op die skou wees, asook heelwat duiwe wat beskikbaar sal wees. Ek verloor eerder teen goeie duiwe in sterk kompetisie as om teen myself te wen! Laastens het alreeds 6 beoordelaars in die ras gekwalifiseer, en ken en verstaan die meeste Senior beoordelaars die ras goed. As jy dus 'n ras soek wat aan al bogenoemde eienskappe voldoen is Modenesers die ras vir jou!





## A good pigeon: the importance of the eye and wing theory

**Submitted by Simon Jordaan**

One of our regular visitors, a great champion himself, sent us a letter and asked us to publish it on our website. The writer of this letter is surprised to see that so many fanciers hold to theories that should help them to recognise the best pigeons in their loft, especially in winter.

Here is his take on this subject:

"Every fancier has his own traditions, his own certainties and his own clues, which he tries to recognise when holding a real champion in the hand. Still we all have to agree that our theories and ideas do not match reality very often. Most of us have to admit that some fanciers have a better feeling than the average fancier, even though there are no visible or noti-ceable differences between a true champion and a less successful pigeon. As a result an increasing number of fanciers have been looking for all sorts of theories and ideas to actually recognise the quality of a pigeon. Besides some of the most ridiculous theories we are also familiar with the three big theories: the eye, wing and muscle theory. A fancier who adds value to either of these theories is bound to make mistakes.

### The eye theory

Great books have been written about this theory and every inexperienced fancier tries to discover things in the eye of a pigeon. I think a veterinary surgeon would be highly amused to hear a big champion say that you should never pair two white eyed pigeons. Why would there be a difference between blue, white or green eyes? Sometimes the most wonderful eyes cannot see more than 10 metres (think for instance of short sighted people). On the other hand we can assume that a smart pigeon sees differently compared to less intelli-



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

gent pigeons and that the smart pigeon has no fear.

**The wing theory**
A nice looking wing is a wonderful thing and the wing pattern has definitely improved over the years. However, when a fancier starts to measure the wing and looks for all sorts of inessentials you could say that he is on the wrong track. Some pigeon examiners pay particular attention to the length of the seventh primary. If this were really of any use why not make a study of the length of the big toe of Kim Gevaert and other sprint athletes? Indeed, the big toe helps an athlete to balance and to propel forward, so why not assume that the athlete with the longest toe is the best sprint athlete?

**The muscle theory**
This is the most mysterious theory of the three. According to insiders there are not many fanciers who can actually apply this theory. Nevertheless the length of a muscle or the muscle mass does not say anything about, for instance, an athlete. As in the eye and wing theory too many fanciers pay too much attention to peculiarities in the muscle system of a pigeon.

**Conclusion**
A top class pigeon is born with the good features that make it a top class pigeon and it is a good thing for our sport that we can only get a clear idea of the quality of a pigeon by simply basketing it. Imagine that one day a Japanese fancier would be able to identify the cham-pions, just like you can identify a cock and a hen. In that case we would get rid of all the other birds and we could take the remaining champions with a small van to the release site, instead of using a train or large trucks like today.

That was the letter we received.We conclude with a few interesting anecdotes:

A while ago a fancier saw a champion reveal all sorts of secrets that were allegedly hidden in the eye of a pigeon. He could gather all kinds of information from the eye. However, when he picked up the newspaper to read something the others noticed that he needed glasses to be able to read. How could he be able to extract information from the bird's iris, which is much smaller than the small letters in his newspaper?

I was once at an event where a young bird was to be auctioned as a gift from one of the best fanciers in Limburg and possibly in Belgium. One of the other fanciers at the event took the four week old pigeon in the hand. He could tell from its muscles that this pigeon would not be able to fly more than 700km. A few moments later I picked up the young bird as well. I looked for the pectoral muscle but I could only feel some very weak muscles. This is normal; the pectoral muscles of a four week old young bird are not fully developed yet and yet there was a fancier who could tell by these muscles that this pigeon could not win prizes in races over 700km. This makes no sense of course. Only the basket can tell who is right.



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Skou tyd

**At Nigrini**

Eerstens, dankie aan al die beoordelaars wat hulle kennis en tyd opoffer om die werk te doen.

Ek wil graag begin by die broeiseisoen. In kort is dit uiters belangrik dat jou kuikens gesond en goed groot geword het en dat jou duiwe die nodige inentings gekry het. Nou gaan ons na die verveer seisoen, in my boek net so belangrik soos enige ander seisoen, maar so 'n rapsie belangriker as die ander:

1. Slegs duiwe wat gesond is kan goed deur die verveer gaan.

2. Slegs gesonde duiwe behoort in die teelhok en skouhok te wees.

3. Duiwe verveer baie goed as daar vir hulle 'n lekker bad is om hulself in skoon te maak en elke teler het sy eie badsout ens. 'n Koppie asyn en 'n handvol vellesout werk ook goed.

4. Dis nou ook sommer maklik om 5gram Coopex (hy's nou so R120,00 vir 20 gram) in die bad water te gooi om die lastige luise en duiwe vlieë aan te spreek.

5. Want geen duif behoort luise of duiwe jokkies op hulle te hê enige tyd van hulle lewe nie, wat nog te sê van op 'n skou?

6. Daar is wonderlike verveer middels wat 'n mens in die water kan gooi, maar in my werk Blomswael en Diatomes baie goed.

7. Spasie is baie belangrik by enige duif se ontwikkeling en sy verveer so jy moet sorg dat jy sitplek het vir al jou duiwe, dat jy jou ou duiwe skei maw mannetjies en wyfies apart so ook jou jong duiwe.

8. As jy so 'n jongduif hok het moet jy ook sorg dat jou sitplekke so na aan die dak is as moontlik sodat jou mannetjies, veral American Showracers nie veg nie.

9. Jou beste jongduiwe/skouduiwe moet in 'n hok kom waar hulle een-een staan en nie kan veg nie, veral jou jong mannetjies.

10. Kyk of jy 'n loophok en 'n skouhok of 2 kan maak sodat jy jou skouspan lekker kan afrig, en gewoond kan maak aan




***NAK Smit***

**Teel met**
**American Show Racers**

**Patrysstraat 36**
**Stellenbosch**
**7600**
**Cell: 072 585 0348**
**E-pos: naksmit@adept.co.za**




SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

dit wat verwag word van die duif op skoudag.

11. Moet asseblief nie die skuld vir jou mislukte skou poging soek by die duiwe nie, want:

a) Duiwe kan nie self hulle bekke vyl nie.

b) Duiwe kan nie self hulle toonnaels knip nie.

c) Duiwe kan nie self hulle voete se skubbe en ongewenste vere tussen die tone trek nie.

d) Duiwe kan nie self mak word en hulself afrig nie.

e) Duiwe kan nie met 'n tang vere om die vrat trek nie.

f) Duiwe kan ook nie die skouреëls self lees nie

g) Duiwe kan ook nie gebreekte vere of vere met gate trek nie.

DUIWE KAN OOK NIE DIE STANDAARD SELF LEES NIE.

Duiweboere moet dit doen.

As jy die standaard lees en verstaan moet jy weet dat op die dag van skou jou duif gereed moet wees om te kan skou, en ek meen kompeterend skou.

As jy verwag om met 'n onversorgde duif wat nie skou voorbereid is nie te kom skou met luise of pinholes , wat dink jy eintlik van die beoordelaar en jouself.

Met ander woorde laat ek so probeer verduidelik, as jy 6 weke voor die tyd by 'n hotel 'n bespreking maak dan betaal jy 'n deposito, so wanneer jy by ontvangs aankom verwag jy dat hulle vir jou 'n kamer sal reghê met 'n badkamer ens., duiweskou is net dieselfde, jy skryf jou duiwe in en boek 'n skouhok, so wanneer jy by die skou aankom pak jy jou duiwe uit en siedaar sy kamer met sand op die vloer en kos en waterbak is reg vir jou duif, maar die verskil is dat jy nie net betaal vir die hok nie, ook moet jy sorg dat jou teelprogram wat jou gaan verteenwoordig in daai skouhok, goed afgerig en skoon is, dit alles begin êrens in 6-8 weke voor die skou!

Volgens my is dit nie 'n beoordelaar se werk om jou duiwe op skou te klas nie en dis ook 'n belediging volgens my om 'n vuil, siek, onvoorbereide duif te skou voor enige beoordelaar, ook.

Wanneer jy, wat jou eie duiwe beter ken as enige iemand anders, die nodige voorbereiding gedoen het behoort dit redelik maklik te wees vir die beoordelaar om sy werk te doen !

Vere en ink in my bloed,




**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail:**
**chris.debruin@dcs.gov.za**
**of**
**tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail:**
**peetsandra@vodamail co.za**



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Wenke aanSenior Beoordelaars

**van die Mookee Koning**
**Ruben Kitching**

**T**rek die skoen aan as dit jou pas.

Elke beoordelaar moet vir homself besluit wat die kwaliteit van sy beoordeling vir hom gaan wees. Alle telers, wat jou as Senior Beoordelaar insluit, doen dit in elk geval wanneer hulle pare opsit, die kleintjies selekteer en skoue toe bring. Die teler is die 'ekspert' van sy eie duif en hy gaan jou beoordeling, en veral die wyse waarop jy dit doen, nie sommer net goedsmoeds aanvaar nie.

Faktore wat op die kwaliteit van jou beoordeling gaan impakteer is:

- Die getal duiwe wat jy doen en die tyd tot jou beskikking. Bestuur dit reg, anders bestuur dit jou.
- Spasie en 'stewards'. Sit 'n 'effort' in en skep vir jou 'n beoordelingspasie wat vertoners, ander beoordelaars, en verbylopers met opmerkings, begrens. Reël vooraf met die Spesklub wie jou gaan help om te steward en wat hulle van jou verwag.
- Beoordeel positief. Laat Ds. Lee julle asseblief 'n kursus hieroor aanbied, hy verstaan en implementeer dit die beste van almal.
- Moet jou asseblief nie deur mede beoordelaars, opmerkings van vertoners tydens beoordeling en/of vooroordele laat beïnvloed nie.
- Hanteer asb. elke duif met professionaliteit as jy hom ontvang van die steward, deurkyk, in die loopring sit, regmaak en tyd gee om te presteer. Jy word dopgehou. 'n Ou wat R10,00 vir 'n inskrywing betaal, verwag dit. Onderskei darem so 'n klein bietjie tussen 'n streekskou en 'n SA's.

Sterkte en dankie vir die goeie diens wat julle aan ons almal teen 'n prys lewer. Dit word opreg waardeer.





**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne Alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!**

**Elke nuwe reis begin met 'n enkele tree**



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Hulle bly maar Prinse van die lug

**Henri van Reenen**

Die Upington SA Skou het gekom en gegaan,en wat 'n lekker geleentheid was dit nie? Lekker saal en geriewe en al so aan. Die Noord Kaap lede lê ver van mekaar, maar hulle het 'n reuse poging aangewend om 'n goeie skou aan te bied.

Dit was lekker om die room van ons duiweboere weer te sien en oo ja die prysuitdeling daar op die Wynlandgoed was ook uitstekend.

Ek is nie self 'n beoordelaar nie, ek is nog te kort in die game, maar ek het die beoordelaars mooi dopgehou. Dit is beslis 'n gawe om tussen so 'n klomp duiwe te bepaal watter nou die beste is. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat hier veral van die ouer garde is wat sowaar 'n duif ken. Ek het 'n American Showracer hen gehad wat 'n stertpen verloor het oppad na die skou. Ek dink toe nee wat Christo sal dit tussen daardie klomp duiwe nooit optel nie. Hy het dit egter binne 20 sekondes opgetel nadat hy die duif uit die skouhokkie gehaal het. Ek reken dit wil nogal gedoen wees.

Die resiesduif wat ek saamgevat het om te vlieg het ek nie op Upington gelos nie, want ek het hom nie fiks genoeg gehad nie. Ek het hom op Nieuwoudtville (350 km) gelos in digte mis. Hy het lank gevat om huistoe te gaan, maar hy is terug en het vir hom 'n hen gevat.

Die artikel wat Simon Jordaan in die Julie/ Augustus uitgawe gehad het met die afdruk van die "oorlogboodskap" wat die duif afgelewer het is voorwaar spesiaal. Ek sien op die verslag die duif het eenuur en vyf minute geneem om sy boodskap af te lewer. Hy moes so omtrent 75 na 100 km met sy boodskap gevlieg het. Dankie Simon, ek gaan die afdruk 'n ereplek tussen my duiwepapiere gee. In my vorige artikel het ek gereken dat Resiesduiwe die Prinse van die lug is en met jou artikel onderstreep jy maar weer net my stelling.

Duiwegroete uit 'n lekker nat Boland



**_P&S Botha_**

**Breeders of Fantail, Lahore, Holle Cropper, Muffed Ice Pigeon. African Toy, Old German Owl and Frillback**

**PO Box 6519 Secunda 2302 Cell: 082 467 0996**

**E-Mail: peetsandra@voda mail.co.za**









Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Report on Royal Show

**Lionel Phillips**

Sorry this has taken so long to reach you, but as you know Carol and myself retired and moved on 16th June to Plettenberg Bay. We took our caravan down plus our two small dogs and slept over in Queenstown on the way down. We only managed to have our computers set up yesterday, but please find my report of our section and results!

The Royal Show was one of our biggest Royal Shows in the last ten years or so, just over 750 birds were on display and 53 breeds, many of which had several different colour mutations. Generaly the pigeons were of a fairly high quality with a couple of exceptions and many were for sale!

This year we only really concentrated on our Junior members as far as the judging was concerned in that we motivated them to support and promote the hobby and at the same time mantain a high standard.

Graig Pitt of Underberg won the best bird on show with a Medium Faced Crested Helmet, Riaan Oelofse from Pietermaritzburg bred the runner-up with a Holle Cropper and the third place was a Frillback bred by Karen van Wyk from Margate and fourth placed bird was a Ghent Cropper bred by Wynand van Wyk also from Margate.

Our view on the public that visited our hall was that many people were very interested to gain some knowledge on the breeds of pigeons and the housing and general husbandry of pigeons. The committee to investigate ways of improving our display to assist the public with better cage cards , better breed identification and better advertising in regards to viewing times etc.

A special word of thanks to Neil Raw and his team for all the hard work carried out in setting up for the show and dismantling after the show and clearing the hall, and also I wish to thank all the members for there support at the show and last but not least the RAS for all the help and guidance over the years.

Take Care



**God hoef nie Sy naam op 'n kennisgewing in die hoek van 'n grasveld te sit nie, want niemand anders maak grasvelde nie.**



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Importance of Vitamins for pigeons

**Submitted by Simon Jordaan**

Actively racing birds, birds under stress or birds in impaired health, however, may develop a deficiency. Signs of this include weak muscles, swollen eyelids, thin-shelled eggs, and others. Supplements come with some cautions however.

First, identifying only pigeons that really need supplements can be almost impossible. Second, by giving synthe-tic vitamins, pigeons do not produce their own naturally, so the synthetic ones are used and the natural ones are passed out with the body wastes, bypassing normal body function. Vitamins are divided into two groups, oil-soluble vitamins 'A', 'D', 'E', and 'K' are dissolved by body fat and can be stored in the liver as reserves.The water soluble vitamins 'B1', 'B2', 'B3', 'B12', and 'C' are dissolved by body moisture and cannot be stored; therefore, they must be available in the diet each day, except for vitamins 'C' as noted below.

Vitamin 'A' encourages growth in young animals and helps provide immunity from diseases. 'A' deficiency produces degeneration of the mucous membranes, decreased fertility, and eggs that do not form properly. Vitamin 'A' is contained in green peas, yellow corn, carrots, green vegetables and cod-liver oil.




***South African Rare Breeds Club***
***Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub***
***Established *** 1988 *** Gestig***



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**





Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Vitamin 'B1' is essential to convert carbohydrates into glycogen for storage in the liver it promotes appetite, promotes a healthy nerves and digestive system, and helps buildup the skeleton. 'B2' is essential for the metabolism of proteins, carbohydrates and fats for the proper functioning of the nervous system, and for the development of embryo. 'B1' and 'B2' are contained in wheat green peas and brown rise.

Vitamin 'B6' regulates metabolism in the nerves and liver, and is important for growth. Along with 'B10', it occurs in all kinds of grains, yeast and bran.

Vitamin 'B10' prevents anemia, and birds that are deficient weaken quickly and sit on the ground, exhausted.

Vitamin 'B12' contains the metal cobalt and is essential for the formation of red blood cells and for growth in the first few weeks of a pigeons life. It is also necessary for the development of the eggs .Vitamin 'B12' is of animal origin and is not found in normal pigeon food. It is, however, contained in pelleted feeds and supplements.

Vitamin 'C' is produced by the pigeons in there liver, and there is plenty of it in grains. Vitamin 'C' works in conjunction with vitamin 'A' to help produce antibodies to fight disease and pathogenic organisms.If there is a deficiency of a production of C will fall.

Vitamin 'D', the "anti-rickets" vitamin is produced in the body from the suns ultra violet rays and helps the body move calcium and phosphorus into the blood stream to build the skeleton. A vitamin 'D' deficiency upsets the calcium/phosphorus ration In the winter, when the sun rays are much weaker a pigeon may need some vitamin 'D3' to maintain health cod-liver oil provides natural vitamin 'D'

Vitamin 'E' is called the fertility vitamin because without it both sexes can be infertile cod-liver oil and the germ of most cereals are rich in vitamin 'E' green peas are three times as much as wheat and corn, cod-liver oil must be fresh.

Vitamin 'K' is necessary for blood clotting, but adequate greens in the diet will prevent any deficiency.

Note:- Use only vitamins formulated for pigeons, Never try to use human vitamins or vitamins formulated for other animals. All such formulae includes gross amount of the 'B'-Vitamins, which if given in excess can be toxic to Pigeons.




***Chris de Bruin***

**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**

**Kontak besonderhede:**

**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail:**

**chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**







**SAFPA Website - http://www.safpa.za.org**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377



## Beoordeling

**Geneem uit die Beoordelaarsforum handleiding Christo Munnik**

### Vereistes vir beoordelaars:

1 Eerlikheid te alle tye.

2 Onbevooroordeeldheid.

3 Regverdigheid.

4 Verantwoordelikheid

5 Goeie mense verhoudings.

6 Konsekwent wees.

7 Opregte liefde vir duiwe hê.

8 Te alle tye nugter en positief wees.

9 Grondige kennis van die standaard van die ras wat beoordeel word.

10 Kalm van geaardheid en nie maklik opgewonde raak nie.

11 Bereid wees om altyd 'n student te bly en op hoogte te wees met veranderinge wat in die standaard mag ingetree het.

12 Beslistheid in optrede.

13 Aanvaar verantwoordelikheid vir jou beslissing.

### Reëls waaraan Beoordelaars moet voldoen:

1 Mag nie beoordeel as hy/sy self duiwe vertoon of ander belange in die ras het nie.

2 Hy/sy en die helpers moet sober wees en geen drank gebruik tydens die beoordeling nie.

3 Mag nie beinvloed word deur die kennis van 'n duif of deur vriendskappe met 'n vertoner nie. Moet hom/haar slegs bepaal by die duiwe voor hom/haar.

4 'n Duif se reputasie op ander skoue mag nie 'n invloed op die uitslag hê nie.

5 Hy/sy mag nie toelaat dat enige omstander hom/haar beinvloed nie. So 'n persoon moet gewaarsku word dat indien hy/sy nie gehoor gee aan die waarskuwing nie die persoon die saal sal moet verlaat en die betrokke duiwe gediskwalifiseer kan word.

6 Alle duiwe moet korrek en versigtig hanteer word. Hierin is die beoordelaar die verantwoordelike persoon al hanteer die helpers die duiwe moet daar gesorg word dat dit op die korrekte manier gedoen word.

7 Duiwe wat volgens reëls in 'n loophok beoordeel moet word mag nie in die skouhok agterbly nie.

8 Alle duiwe moet beoordeel word, al is die duif ooglopend swakker as die ander moet dit nogtans 'n regverdige kans gegee word.

9 Helpers mag nie hul eie duiwe bevoordeel in die klasse waar hulle behulpsaam is nie.

10 Tipe moet te alle tye voorkeur kry bo kleur en merke.

11 Duiwe waarvan die hokkaarte gemerk is moet nie beoordeel word nie.

12 Duiwe wat deur vertoners aan die beoordelaar geïdentifiseer is moet nie beoordeel word nie.

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

13 Beoordelaars, helpers en vertoners moet so optree dat ander duiwe in aangrensende hokke nie gesteur word nie.

14 Die huidige standaard moet te alle tye die maatstaf wees waarteen die duiwe gemeet word.

15 Beperk die aantal duiwe wat gelyk in 'n loophok geplaas word tot 'n hanteerbare getal.

## Toeken van spesiale pryse:

1 Neem alle klaswenners in ag.

2 Soek die beste duif uit deur eliminasie.

## Beoordeling van hooftoekenings:

1 Stel die Hoofbeoordelaar aan.

2 Maak seker dat alle raswenners in die afgebakende beoordelaars spasie is voor hoof beoordeling begin.

3 Plaas duiwe volgens reëls in loophokke of skouhokke.

4 Hanteer al die duiwe.

5 Oorweeg elke duif met die betrokke standaard in gedagte.

6 Kondisie van alle duiwe moet in ag geneem word.

7 Vorige prestasies van 'n duif mag nie in ag geneem word nie.

8 Niemand mag toegelaat word om die Hoofbeoordelaar te pla nie.

9 Die Hoofbeoordelaar se keuse is finaal.

10 Die volgende prosedure sal geld vir die aanwysing van die top 7 sowel as die Kampioen jongduif.

10.1 Die top 7 duiwe word aangewys uit die raswenners.

10.2 Indien een van die top 7 'n jongduif is, moet hierdie jongduif eers vergelyk word met die jongduiwe van die rasse wat hoër op geplaas is in die top 7, alvorens die finale besluit oor die Kampioen Jongduif gemaak word. Word 'n ander jongduif dan aangewys as Kampioen Jongduif, behou die eersgenoemde jongduif sy posisie in die top 7 en kan ons praat van 'n top 8, met ander woorde die top 7 tesame met die Kampioen Jongduif (wat van dieselfde ras sal wees as een van die top 7 duiwe).

10.3 Indien die top 7 almal ou duiwe is en aanvanklike beste jongduif uit die raswenner dus nie onder die top-7 was nie, moet die jongduiwe van hierdie sewe rasse na die hoofbeoordelingsarea gebring word, alvorens die Kampioen Jongduif aangewys word.

## Afronding:

1 Maak seker dat die beoordelingsdokumente voltooi en onderteken is.

2 Maak seker dat die korrekte plekplakkers aangebring is.

3 Bedank die helpers.

4 Beantwoord vrae van belangstellendes eerlik en vriendelik sonder om enige duif af te kraak.

## Gedragskode vir beoordelaars:

As rentmeester van een van God se skep-pings, die sierduif is ek nederig, beskeie en dank-baar en daarom onder-neem ek plegtig en opreg om my in my optrede as beoordelaar deur die volgende kode te laat lei:

1. As beoordelaar besef en erken ek dat ek feilbaar is en net 'n instrument in God se hand is om Sy skepping te bestuur.



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

2. As beoordelaar besef ek ook die geweldige verantwoordelikheid wat op my skouers geplaas word, die verwagtinge wat van my gekoester word en die invloed wat my beoordeling op die vertoner en ander telers het.

3. Ek sal my tekortkominge as mens en beoordelaar erken en my bes doen om daardie tekortkominge te verbeter.

4. Ek sal my altyd waardig gedra omdat ek besef dat dit altyd 'n voorreg is om te beoordeel en dat ek dit nooit as 'n reg sal toeeien nie.

5. Ek sal altyd onbevooroordeeld en met die grootste sorg, deernis en ywer my taak verrig. Daarom sal ek altyd 'n oop gemoed hê en erken en bely dat ek maar net 'n mens is en kan fouteer, maar indien ek fouteer sal ek die eerste wees om dit te erken en reg te stel.

6. Wanner 'n beoordelaar gevra word om te beoordeel vra jy slegs sy opinie, na aanleiding van sy/haar kennis en bevoegdhede. Sy/haar opinie kan mos nie verkeerd wees nie!! Almal gaan nie noodwendig daarmee saamstem nie maar vir die dag word die beoordelaar se opinie aanvaar.

7. Bostaande is 'n samevatting van 'n konsep gedragskode vir beoordelaars, deur Prof. Cobus Verster en die beoordeling van sierduiwe, saamgestel deur AW Ravenscroft bygestaan deur Mev. Lettie Reyneke en Mnre. Cas de Waal, Gert Bierman en A Ingle.

**ONTHOU DIE ENIGSTE MANIER OM 'N VRIEND TE Hê IS OM SELF EEN TE WEES**





**Lekker eet resepte**
**At Nigrini**

## Skaapkop in die kole

Ons plaasjapies het maar ons eie manier van dinge doen, so is dit ook met skaapkop en elke streek het maar sy eie metode van gaar maak, ons ook.

Vat die ongekrapte skaapkop en was hom nou skoon af, maak sy bek oop en spoel hom uit, dis nou nie nodig om sy tande te borsel soos tante Ralie gemaak het nie, vat nou 'n bietjie peper en sout en gooi dit saam met 'n bietjie koljander op sy tong, in sy bek.

Maak solank 'n gat in die grond en maak 'n vuur daarin, sorg ook dat jy 'n skopgraaf het vir die kole. Vat nou 'n kommetjie met ongesifte meel en werk 'n bietjie vet daarin met louwarm water, tot hy so 'n lekker hanteerbare deeg het wat soos klei voel, nou pleister jy vir ta dat al die wol en ook die hele kop bedek is met die klei. Sien 'n mofskaap se afval is mooi wit en afhangende of jy 'n witkop of swartkop Dorper geslag het sal jou vleis die kleur hê van die vel. Party mense hou nie van 'n donker afval nie, ek hou van hom maak nie saak hoe nie.

Nou skep jy 'n klompie kole en as uit en sit jy vir ta in die gat en gooi hom

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011




# International Brunner Pouter Club

*.......a fusion of professionalism and friendship*

**President:** Rob Lombaard
PO Box 161
Henley-on-Klip 1962
Cell: 079 502 5626
E-mail:**rob.lombaard@gmail.com**

**Secretary:** Christo Munnik
PO Box 618
Anerley 4230
Cell: 076 391 5800
E-mail: **cora.christo@gmail.com**

lekker toe met die kole, dan los jy hom vir so 4 ure, maar intussen kan jy solank jouself met 'n paar skaaplamstertjies, wat jy sommer so met wol en al in die kolegegooi het, bederf. Los vir 20 minute en dan kan jy hulle laat afkoel en skoontrek en smul.

Nou kan jy maar vir skaapkop uithaal en hom laat afkoel en dan kan jy die kleideeg aftrek en sodra jy daar klaar is, met jou Joseph Rodgers jou ding begin doen. Vat maar 'n ou botteltjie rooiwyn stadig saam met hom en moenie bekommerd wees vir die jig nie!

## Skoonma se tert

(met snoek of spekvleis en kaas of spinasie en 2 kase)

In my dae as 'n kind het jy nie klaar skilferkors deeg te koop gekry nie, maar vandag koop jy hom enige plek en kan jy die boeta vries ook. Ons het maar vêr van die dorp af gewoon, 85km, so ons het eenkeer per maand dorp toe gegaan. Ma het sommer alles gemaak, so ek sal graag die tertdeeg resep ook gee, anders koop jy hom sommer klaar gemaak.

**Tertdeeg.**

1 koppiemeel
Knypie sout
1 eiergeel
100g hardebotter
2 teelepels yswater

Sif die meel en die sout saam. Rasper nou die harde botter met 'n growwe rasper by die meel in en werk dit liggies met jou vingers by die meel in, moet asseblief nie met warm hande of vingers staan en knie en druk nie, asseblief net liggies met koue vingers.

Nou klits jy die yswater en eiergeel liggies saam, sommer met 'n vurk, gooi dit nou oor jou botter meel en druk weereens liggies om 'n deeg te maak. Werk altyd liggies. Nou sit jy vir boeta in die yskas in 'n plastiekbakkie vir so 'n uur of wat.

Nou voer jy 'n tertbak uit met die deeg en prik hom met 'n vurk, sit waspapier op en 'n klompie droë bone bo-op die papier, druk ta ini oond vir so 10 minute teen 200°C. (Ma het dit blind bak genoem, hoekom weet ek tot vandag toe nie, seker die papier oor die deeg. Nou gooi jy die papier en bone weg.

**Die spekvleis vulsel.**

125 gram spekvleis (Bacon) deesdae koop 'n mens sommer die bacon stukkies.
1 t sout
1 t mostert
2 tot 3 eetlepels gerasperde kaas
3 eiers
1 koppie room of volroommelk

Bak die spekvleis in 'n pan tot gaar en sny in klein stukkies. Pak nou die bodem van jou tertdop met die bacon en kaas. Klits die room, mosterd, sout en eiers saam en gooi dit oor. Druk die boeta in die oond vir so 30 minute teen 180°C, nou is hy reg vir die tafel, Ma het geglo hy moet eers so 10 minute staan om alles kans te gee om vertroud te word met mekaar. Hy is net so lekker om koud te eet, as daar iets oorbly.

**Die snoek vulsel.**

1 koppie gerookte snoek
3 eiers
1 koppie room
1t sout
¼ teelepel gerasperde neut
1 eetlepel gekapte tamatie of groenrissie

Maak die snoek uitmekaar en verwyder die grate en sit hom in jou



Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

tertdop, gooi nou jou tamatie of groenrissies of altwee oor. Klits nou die res van die bestanddele saam en gooi dit bo-oor, bak nou ook teen180°C vir 30 minute. Die ou sal nou goed gestol wees, baie lekker warm en reg om te eet. Nie alle mense hou van die rissie nie veral nie skoonma's nie, so vra maar voor jy insit.

**Die spinasie vulsel**
Jy kan kaas en klam biltong en broccoli ook gebruik so jy kan eintlik maar jou eie vulsel maak.

So 3 hande vol spinasie wat jy deeglik moet afwas, niks is so onsmaaklik soos sand in jou kos nie, stoom hom gaar vir so 10 minute en snipper hom aan die fynkant. Gooi hom nou oor jou tertdop en klits nou die 3 eiers, koppie room of melk, teelepel gemengde kruie of net gemaalde swart peper en sout en 'n wiel fetta kaas (die harde een) en 'n koppie cheddar kaas saam en gooi dit bo-oor, bak hom net soos die ander, jy sal my weer sê of daar enige iets oorgebly het, as jy jou spinasie deeglik afgewas het, sal jou aandele by jou skoonmense baie beter doen as jou aandele in die effekte beurs, en natuurlik kan jy 'n bottel Taskelder Premium Grand Cru oopmaak!!






SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# 2016 Skou en Duiwedae almanak

| | | |
|---|---|---|
| **08 April 2017** | | **Noord Vrystaat Jongduifskou - Welkom** |
| Attie van Aswegen | - | 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com |
| **22 April 2017** | **-** | **Weskaap Jongduifskou** |
| Christo v Vuuren | - | 084 602 1316 - Christo@bhome.co.za |
| **06 Mei 2017** | **-** | **Noord Vrystaat - Welkom** |
| Attie van Aswegen | - | 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com |
| **13 Mei 2017** | **-** | **Oostelike Provinsie - Port Elizabeth** |
| Johann de Beer | - | 072 399 8952 - info@mbosman.co.za |
| **13 Mei 2017** | **-** | **Oostelike Streek - Ermelo** |
| Christie Roux | - | 082 324 6590 - rouxpetro1@gmail.com |
| **20 Mei 2017** | **-** | **Noord-van-die-Vaal - Pretoria** |
| Nollie Oosthuizen | - | 082 655 0659 - corppay@mweb.co.za |
| **20 Mei 2017** | **-** | **Weskaap - Malmesbury** |
| Christo v Vuuren | - | 084 602 1316 - Christo@bhome.co.za |
| **25 - 27 Mei 2017** | **-** | **Noord Kaap - Upinton** |
| Danie Visser | - | 083 390 0860 - dvisser@lantic.net |
| **03 Junie 2017** | **-** | **Suid-Westelike Distrikte - Hartenbos** |
| George Bell | - | 083 348 9969 - bellgeorge@hotmail.com |
| **03 Junie 2017** | **-** | **Wes-Transvaal - Makwassie** |
| Awie Esterhuizen | - | 082 682 0143 - pyp.esteruizen@gmail.com |

**4 Julie tot 08 Julie 2017 - SA Kampioenskapskou - Pietermaritzburg**
Hennie Hattingh - 082 923 3910 - henniehattingh703@gmail.com
**Hoofbeoordelaar - Pierre le Roux - Alternatief - Renier Lee**

**As hoop nie in ons oor gefluister het, dat more beter sal wees nie, hoe sou enigeen die moed hê om deur vandag te kom.**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

## *SAFPA - Affiliated Speciality Clubs*

### *American Showracer Club of South Africa*
Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825

### *Birmingham Roller Exhibition Club of South Africa*
Pres: Christo Munnik - 076 391 5800 - Sec: Raymond Hohls - 083 303 9865

### *Blower Club of South Africa*
Pres: Jan Labuschagné - 083 491 2919 - Sec: Dirk Scholtz - 082 452 4229

### *Chinese Owl Club of South Africa*
Pres: Lourens Muller - 076 570 3289 - Sec: Hendriena Swanepoel 073 245 7993

### *Colour Pigeon Club of South Africa*
Pres: Awie Esterhuizen - 084 682 0143 - Sec: Peet Botha - 082 467 0996

### *Fantail Club of South Africa*
Pres: Nico vd Westhuizen - 083 469 4963 - Sec: Willie v Rensburg - 082 787 8701

### *Frill Club of South Africa*
Pres: Stewart Patterson 082 457 2919 - Sec: Koot Serfontein - 071 113 1669

### *Heavy Breed Club of South Africa*
Pres: Jannie Swanepoel - 072 279 9299 - Sec: Chris de Bruin - 082 426 8703

### *Homer Breed Club of South Africa*
Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Attie van Aswegen - 082 411 8483

### *Modena Club of South Africa*
Pres: Ruben Kitching - 082 434 9808 - Sec: Hennie Bosman - 082 838 1417

### *Mookee Club of South Africa*
Pres: Attie van Aswegen - 082 411 8483 - Sec: Ruben Kitching - 012 548 5806

### *Parlour Tumbler Club of South Africa*
Pres: Chris vd Walt - 082 378 6447 - Sec: Bertie Wessels - 083 733 4191

### *Strasser Club of South Africa*
Pres: Edu le Roux - 087 150 4614 - Sec: Chris de Bruin - 082 426 8703

### *Trumpeter & Toy Club of South Africa*
Pres: Gert Venter - 076 546 5613 - Sec: Wikus v Niekerk - 012 653 7105

### *Tumbler Club of South Africa*
Pres: Bertie Wessels - 083 733 4191- Sec: Christo Britz - 083 626 6003

### *Wattle Breed Club of South Africa*
Pres: Attie van Aswegen - 082 411 8483 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# *Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees*

## Rules

1. The duration of the competitions will be from 1st July to 30th June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which ***increases*** its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van 1ste Julie tot 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk-Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal ***verhoog*** soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

### Order from the National Ringmaster:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Book of Standards | R180 each |
| 2. | Chris Blaauw book for beginners | R 30 each |
| 3. | SAFPA Judges list | R 20 each |
| 4. | Membership List | R 20 each |
| 5. | SAFPA ties (Navy blue) | R 60 each |
| 6. | SAFPA Pocket badge (Navy blue) | R 35 each |
| 7. | SAFPA Area scroll (Navy blue) | R 30 each |
| 8. | SAFPA Honour scroll (Navy blue) | R 30 each |
| 10. | Metal Member & Judges scrolls | R 50 each |
| 11. | National pocket badges (Green) | R 40 each |
| 12. | National Honour scrolls (Green) | R 30 each |
| 13. | National Ties (Green) | R120 each |

**All prices excludes Postage contact Netta Prince for correct postage**

## Score board

### Bankofs Shield

| | |
|---|---|
| 1. Northern Cape: | 2014 |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| 1. North-of-the-Vaal: | 1806 |
| 2. KwaZulu-Natal: | 1259 |
| 3. Eastern Region: | 1134 |
| 4. Northern Freestate: | 978 |
| 5. Eastern Province: | 656 |
| 6. Freestate: | 200 |
| 7. Western Transvaal: | 0 |
| 8. Western Cape: | 0 |
| 9. SW Districts: | 0 |

### Bertie Wessels Trophy

1.

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

# KwaZulu-Natal Regional Show 30 April 2016


Christo Munnik beoordeel en Harry Munnik en Amanda Willemse help


Chris de Bruin doen Hoofbeoordeling




6th Res Champion
English Trumpeter
Wikus van Niekerk


3rd Res Champion
& Best young bird
African Owl
Lionel Phillips


2nd Res Champion
Old German Owl
Gawie Gertenbach


4th Res Champion
Brunner Pouter
Pieter Lourens


Prysuitdeling


Bruce Sandison best bird on show with a Nun



# American Showracer Jongduifskou 2016













